KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 280 **19 April 2010**

TOULEIER

Stuur vir ons julle SPOOKSTORIES!

Hier by ons in die woestyn reën dit nou al aan en af die hele week lank. Dit het begin met 6 duim reën die eerste dag en die tweede dag 4 duim. Die derde dag het dit eers regtig gereën. Nie meer 6" en 4" uitmekaar nie, maar darem so dat die verkeer-sirkels weer onder water was.

Suna Stirk skryf daar uit die Land van die Silwervaring waar ons twee voorste Super 14-spanne die bokant van die punteleer betrek het. Sy vertel hoe sy ook herinner word aan haar kleintyd toe sy daar naby Hotazel kennis gemaak het met die plonsput met sy grasdak en die gezoem van die brommers.

Vir my ook 'n raakpunt, want selwers het ek so gereeld by my oom Gert en Tannie Anna gaan kuier op Donkiekraal daar noord van Upington. Seker daar waar ek gewoond geraak het aan sand en duine.

Ons soek na spookstories

Ons wil graag van ons lesers af hoor oor julle SPOOKSTORIES.

Iets wat jy miskien self oorgekom het of deur jou ouma aan jou vertel is. Kom, skryf vir ons daai storie neer en stuur hom in. Miskien wen jy nog 'n prys!

Hier is 'n voorbeeld van 'n spookverwante staaltjie wat my verbeelding steeds aangryp as ek dink hoe 'n mens skielik kan krag kry wat jy nie gedink het jy het nie.

Upington se spoorwegbegraafplaas het 'n kortpaadjie so skuins deur hom gehad vir dié wat genoeg moed opgebou het by die spoorwegklub se kroeg.

Kom die dag dat 'n nuwe rusplek vir 'n afgestorwene eendag reg oor die paadjie gegrou word. Die oop graf sou eers die volgende dag gebruik word. Pleks die gatgrawer nou maar die hoop vars grond aan die kroeg se kant gegooi het en die oop kant stasie se kant.

So kom vat die eerste brawe drinkebroer mos laat daai donkermaanaand met spoed met die kortpad deur daai begraafplaas. Val hom byna des moers met dié wat hy so niks raak trap.

Gelukkig is hy soepel en saf van die brandewyn en kom hy niks oor nie. Vergeefs het hy probeer uitklouter. Verniet geroep om hulp.

Mettertyd gaan sit hy maar in een hoekie terwyl hy dink aan die ander ewigslapendes hier vlak neffens hom. Skielik is daar 'n harde slag en val die volgende slagoffer hier langs hom in en hy sluk amper sy kleintongetjie in.

Dan is dit weer grafstil. Wat was dit? Hy besef dis die volgende kortpadmaat wat by hom aangesluit het.

Sonder om te dink aan die gevolge, vra hy hier uit die donker: "Het jy dalk vuurhoutjies...?" Nog voor hy die sin kon klaarmaak, is daar net een swetswoord en die ander kêrel is uit die gat en weg.

Só gaan dit met elkeen wat inval. Sodra hy praat, is die man weg. Hy het tot later probeer om een vas te vat sodra hy val, maar het amper inwendige beserings opgedoen soos die vent skop en stoei en weer vort uit die gat.

Moes toe maar ewe gedwee wag vir die volgende dag tot kort voor die begrafnis van die eintlike eienaar van die graf, toe die manne hom kon uithelp.

Kyk op bladsy 5 vir ons aankondiging oor SPOOKSTORIES en laat waai met jul eie. Dit hoef nie snaaks te wees nie – baie spookstories is ernstig!
En kyk op bladsy 7, waar ons bydraes soek wat by LIEWE LENA sal inpas.

Hennie Greeff
Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Allegaartjie

Die meisie sit op die bankie buite die kaserne. Die sersant kom sit langs haar en vat aan haar been.
"Verskoon my," sê die meisie terwyl sy sy hand wegstoot, "my hart behoort aan iemand anders."
Waarop die sersant sê: "Ek was nie van plan om so hoog te mik nie."



Lelike wind

Die wind hou aan om die antie se rok op te waai, maar sy is min gespin en sy klou net haar hoed vas. Toe 'n verbyganger haar daarop wys, sê sy:
"Boet, alles wat jy daar sien is 85 jaar oud. My hoed is nuut."

As swem so gesond is, hoekom lyk walvisse soos hulle lyk?

Twee mense kan so goedkoop soos een leef – maar vir die helfte van die tyd.

LET WEL!

HIERDIE DEPARTEMENT VEREIS NIE 'N LIGGAAMLIKE FIKSHEIDSPROGRAM NIE

Almal kry genoeg oefening om gevolgtrekkings te maak, vloermoere te gooi, hul baas te ondergrawe, hul vriende in die rug te steek, hul verantwoordelikhede te ontduik en hul geluk te beproef.

Lui die naam Pavlov 'n klokkie by jou?

Die goeie ding van 'n egotis is dat hy nie oor ander mense praat nie.

Het jy ooit gestop om te dink, en toe vergeet om weer te begin?

Het jy opgelet die mense wat wil hê jy moet kalmeer, is hulle wat jou in die eerste plek moerig gemaak het?

INNERLIKE VREDE

As jy die dag sonder koffie kan begin;
As jy altyd opgewek is en die pyne en skete ignoreer;
As jy mense nie met jou klagtes verveel nie;
As jy elke dag dieselfde kos kan eet en dankbaar wees;
As jy kan verstaan dat die mense vir wie jy lief is, waarskynlik te besig is om aandag aan jou te gee;
As jy kritiek en beskuldigings soner griewe kan verduur;
As jy spanning sonder mediese hulp kan oorkom;
As jy sonder alkohol kan ontspan;
As jy sonder slaappille kan slaap -
DAN IS JY WAARSKYNLIK DIE GESIN SE HOND!

Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

"Het jy nie my e-pos gekry nie?"

HY'T DIT GESOEK!

Paramedikus word tydens 'n kragonderbreking ontbied na 'n huis waar 'n vrou in kraam is.

Daar aangekom is die enigste bron van lig 'n flits wat die driejarige Jannie vir hom moet vashou.

Grootoog kyk Jannie na alles, tot waar die paramedikus die baba aan sy voetjies oplig en sy boud-jies hard slaan.

Hy vra: "En wat dink jy hiervan, Jannie?"

Jannie: "Die klein donneth moeth ini eethteplek nie daa ingekhuip het nie, moeth hom wee!"

Moenie die lewe so erstig opneem nie. Niemand kom lewendig anderkant uit nie.

PIET SE KROEG

Koos storm vervaard by psigoloog in en bars in trane uit.

"Asseblief dokter. jy moet help! My vrou gaan elke aand na Piet se kroeg toe en slaap dan sommer by enige man. Wat kan ek doen, asseblief?"

Psigoloog: "Koos, bedaar tog en word kalm en dan vertel jy my noukeurig waar Piet se kroeg is!"

SKANDEMAKER

'n Prins van Saoedi Arabië gaan studeer aan die Universiteit van Berlyn.

Hy skryf aan sy pa: " Berlyn is wonderlik en die mense is baie vriendelik, maar ek is bietjie skaam om in my Lamborghini by klasse op te daag terwyl al die ander studente per trein reis."

'n Week later daag daar 'n blanko tjek van sy pa op, met die boodskap:

"Hou op om jou familie in die skande te steek! Gaan koop vir jou ook 'n trein!"

OP SY PLEK GESIT

Die professor het sy klas 'n werkstuk gegee. Hy sê dat dit 'n baie belangrike werkstuk is geen verskonings sal aanvaar word vir laat inlewering nie, behalwe natuurlik siekte (met die bygaande doodsertifikaat as bewys) of dood in die familie (met die bygaande sertifikaat).

'n Student vra: "En wat van seksuele uitputting?"

"Wel, Van der Merwe, dan moet jy seker maar net leer hoe om met jou linkerhand te skryf."

GOEIE UITLEG

Die jongman vra vir die ou oom wat beteken die woord "retrench".

Oom: "Dis as hulle jou by die werk met 'n rekenaar vervang, en by die huis met 'n vibrator."

PROE SELF

Die ou oom met die boepens loop by die kroeg in.

Die kroegmeisie kyk hom so, en vra: "Oom, is dit 'n bierpens of 'n koffiepens?"

Oom: "Ai, my kind, ek weet nie. Maar die kraantjie hang daar onder - proe maar self."

ANDY CAPP deur Smythe

Petronella

PRAAT PADLANGS

So breek nog 'n tydvak in ons Suiderland aan. Bloedige moordtonele, lagwekkende uitsprake en feeste wat duisende lok en so gaan ons daagliks ons gang. Inteendeel, ons maak 'n grappie daarvan en hou braaivleis. Wat kan ons nou ook anders doen?

Die "hofnar" en dis nou oor hy so min dink van die hofuitspraak teen sy sangtalent, jaag toe mos 'n Anderlandse joernalis uit die kring van die spotters. Die man was ook seker heimlik verlig. Om nou te moet sit en verslag doen oor so 'n bogsnuiter se belaglike uitsprake kan vir geen mens met verstand aangenaam wees nie.

Gelukkig wil dit nou lyk of die man wat veronderstel is om te lei sy voet neergesit het. Vir 'n dag of twee het die mannetjie nou al geswyg. Dank die hemele. Dis darem 'n vreeslike verleentheid vir die van ons wat oor 'n redelike vermoë beskik om te dink.

Wat kan daar meer gesê word van die moord op die man op sy swart perd. Sy laaste onderhoud met die pers het die volk laat luister en vasgenael voor die televisie laat sit en wonder. Soveel waarheid en sulke wonderlike beeldspraak. Sal die koei opdroog? Sal die os onbeheersbaar beneuk word? Net die tyd sal leer. Ons kan slegs hoop en vertrou dat daar 'n daadwerklike verandering en vermindering in ons misdaadsyfer intree.

Dan is daar natuurlik onse radikale Deon Maas. Man die man kan 'n ding sê soos hy gesê moet word. Dankie tog vir die stukkie oor Afrikaans. So waar. Wanneer gaan "ons" en ek sê "ons", ophou om ons te kwel oor die voortbestaan van ons mooi taal. Magtig mense, die mense praat hom, hulle skryf hom en hulle lees hom die wêreld oor. Die KKNK was 'n reuse-sukses. Vol van nuwe taalgebruik, met die paar lekker sopstories tussen in en Minkie wat ook haar skandes gemaak het. Lekker, mooi en vol wonderlike nuwe toneel stukke en kunstenaars wat toegevoeg word by Afrikaans. Kom ons geniet ons taal en vergeet van hierdie vrese oor die moontlikheid dat hy sal verdwyn.

Ai ons paaie, hulle lei almal na een of ander groot sokkerstadion. Net jammer die meeste van hulle lyk nog na 'n snoekertafel vol gate vir balle. Maar daar is lig aan die einde van die tonnel. Plek-plek is daar werkspanne wat groot gate nog groter maak, hulle vol grond gooi en 'n lagie teer oor smeer. Dit gaan hou tot na die wêreld sokkertoernooi en die eerste somerreëns.
Ten minste gaan ons vir vier maande gatloos rond ry.

En natuurlik kan ons nou sommer ons parkering by die O. R. Tambo-lughawe aanlyn gaan boek. Dis nou as ons weet waar is die O. R. Tambo-lughawe. Ek sien die meeste lugrederye verwys nog na die Johannesburgse lughawe.
Gelukkig ook maar. More, oormore het hy weer 'n ander naam.

Ek sien met groot afwagting uit na die naam wat die kindertjies in onse land gaan uitdink vir die nuutste fonds vanuit die "Cradle of Mankind". Verseker kan ons weet dat dit geen gewone familienaam gaan wees nie. So 'n rare vonds, wat soveel internasionale dekking gekry en verdien het, moet sommer 'n spognaam kry. Iets soos Malemmabobejania miskien. Of dalk Mukabinia?

Kennisgewings op kerke in Engeland

Adam en Eva het die slang blameer, en die slang het nie 'n voet gehad om op te staan nie.

Al ons dienste is nuut. Ons laat die herhalings oor aan die TV.

Sukkel jy om te slaap? Moenie skape tel nie – praat met die Skaapwagter.

Praat goed van jou vyande – jy het hulle self gemaak.

Die storie van
OUPA
en die ouditeur

Die ontvanger besluit om 'n oudit op Oupa te doen en dagvaar hom om die belasting-kantoor te besoek. Die ouditeur was glad nie verras toe Oupa se prokureur hom vergesel nie.
Die ouditeur sê: "Wel meneer, u het 'n uitspattige lewenstyl en geen heeltydse betrekking nie. U verklaar dit deur te beweer u wen baie geld met dobbel. Die belas-tingkantoor vind dit nie geloofwaardig nie."

"Ek is 'n goeie dobbelaar en ek kan dit bewys," sê Oupa. "Wat van 'n demonstrasie?"

Die ouditeur stem huiwerig in.

"Ek wed jou duisend rand ek kan my eie oog byt, sê Oupa, en die ouditeur aanvaar die weddenskap.

Oupa haal sy glasoog uit en byt dit, tot die onsteltenis van die ouditeur.

"Nou wed ek jou tweeduisend rand ek kan my ander oog ook byt," sê Oupa.

Die ouditeur kan sien Oupa is nie blind nie, en hy aanvaar die weddenskap, en Oupa haal sy valstande uit en byt sy ander oog.

Die verstomde ouditeur besef hy het pas drieduisend rand verloor met Oupa se pro-kureur as getuie, en hy raak senuagtig.

"Wat van dubbel of niks?" vra Oupa. "Ek wed jou sesduisend rand dat ek dié kant van jou lessenaar kan staan en in die snippermandjie aan die ander kant kan piepie sonder om 'n druppel tussenin te mors."

Die ouditeur is nou baie versigtig, maar hy bekyk die ou man en besluit daar is nie 'n manier wat hy so iets gaan regkry nie, en hy stem in.

Oupa gaan staan langs die lessenaar, kreun en steun van inspanning maar hy kan nie die straal oor die lessenaar kry nie en piepie die hele lessenaar papnat.

Die ouditeur spring van blydskap toe hy besef hy het 'n verlies in 'n reuse-wins omskep.

Oupa se prokureur laat sak sy kop al kermend in sy hande.

"Is alles reg?" vra die ouditeur.

"Nee," sê die prokureur, "vanoggend het Oupa vir my gesê hy is gedagvaar vir 'n oudit, en toe wed hy my R25 000 hy sal jou hele lessenaar nat pie en jy sal verheug wees daaroor!"

SPOOKSTORIES

Daar is mense wat lag oor spookstories en dit afskryf as liegstories. En dan is daar diegene wat self onverklaarbare dinge beleef het.

Stel jou voor: Jy sit een aand met twee maats en twee offisiere van die vloot in 'n hotel op Saldanha. Julle is besig om 'n bottel wyn voor ete te geniet – en toe jy jou glas weer neersit, maak dit so 'n wye C-draai oor die tafel. Almal sien dit en staar in stilte.
Jy tel die glas op. Sy onderkant is droog. Die tafel is droog.
Jy sit hom op dieselfde plek neer, maar vergeefs: Hy bly net botstil daar staan . . .
Jy vra die kelnerin uit, en sy sê ja, daar is glo jare gelede 'n moor in die kamer bokant die kroeg gepleeg, en verdwyn dan vinnig . . .

KAMMANUUS soek jou eie spookstorie: Een wat jyself beleef het, kort of lank, of een oor 'n onverklaarbare gebeurtenis wat aan jou oorvertel is. Merk dit SPOOKSTORIE en pos dit aan pos@onsdorp.com. Ons hoor graag van jou!

Duskantlanders in Anderkantland

Badervaring in Taiwan

Deur MALINDA THOMPSON

Chinese vriende trek Miaoli toe en dis een van die min plekke in Taiwan waar ons nog nie was nie. Toe hulle laat weet hulle bly in 'n groot huis en ons moet kom kuier, pak ons dadelik 'n oornagtassie en klim die trein vroeg op 'n Saterdagoggend.

Die trein neem ons suidwaarts deur lowergroen platteland, ryslande en die geteëlde dubbel- of drie- en vierverdieping huise wat die groen oral breek. En natuurlik die swart teerpaaie, want van grondpaaie is hier nie sprake nie.

Ons stap blinkoog saam met ons vriende op 'n toer deur hul drieverdieping huis. Soos meeste huise in Taiwan, neem die laaste stel trappe jou op die dak uit en so 'n dak bied oneindige moontlikhede. Op so 'n groot area kan tuingemaak word, wasgoed opgehang word, of bloot 'n tafel en stoele onder vrolike sonsambrele uitgepak word en 'n vleisie gebraai word!

My benoudheid oor die oorslaap by Chinese verdwyn wanneer ek die potblou badkamer - met 'n lieflike bad - sien en die kuier kan maar begin!

Dis nie vreemd om nooit jou Chinese vriende se huise van binne te sien nie. Chinese ontmoet jou by 'n koffiehuis, restaurant of hulle kom kuier by jou, maar hul huise bly 'n misterie. Nadat ons by die eerste Chinese vriende se huis was, het ons verstaan hoekom.

Chinese het green vrees vir water nie. In Taiwan kry jy van die luuksste badkamers met die mooiste teëls en uitspattige goue krane, tot baddens wat so kort is dat jy net op jou knieë inpas. Dan die wenner: Daar is nié 'n bad nie, net 'n stortkop wat aan die muur hang. Ja, ook geen stortdeur nie! Wanneer jy stort, spat alles in die badkamer sopnat en met jou nat voete stap jy uit kamer toe, kombuis toe. En as jy net daarna die toilet moet gebruik, hoekom bang wees vir die nat ring?

Ná baie ure van lag en gesels, is dit dan badtyd. Lank ná middernag, soos dit maar by goeie vriende gaan. Oeps, die blou badkamer se warmwatersilinder werk nie, maar geen probleem, ons kan sommer ons gasheer en gasvrou se badkamer gebruik.

Die warmwatersilinder sit in die gang, voor hulle slaapkamer en is van so 'n aard dat dit nie in die badkamer oopgedraai kan word nie, so ons moet dit sommer in die gang oopdraai en dan klaar stort en dan weer in die gang kom toedraai. Die slaapkamer het nie 'n deur nie, maar almal sit tog onder in die sitkamer, niemand gaan opkom nie, so niks om oor bekommerd te wees nie. Nou ja, dis 'n troos!

Die kraan wyd oopgedraai, hardloop ek deur die slaapkamer die badkamer in. Vertrou nie regtig die "niemand sal opkom nie". Die stortkop spuit woes in die badkamer rond en ek trap 'n fyn riel om droog uit my klere te kom (en veral om dit droog te hou!) en dan hardloop ek met my naakte lyf agter die wriemelende stortkop aan om dit gevang te kry.

Uiteindelik het ek hom in die hand, spuit my lyf goed nat, trap hom hierdie keer met my voet stewig op die grond vas, smeer my lyf vol seep en was dan die seep met een hand af, terwyl die ander die stortkop rondswaai.

Ek gaan droog maar in die verste hoekie van die kamer af en beur my klere oor my half-nat lyf aan, want die water wat so onnodig lê en spuit, is vir 'n Namakwalander net te veel.

Dit was 'n naweek om lank te onthou. Op die motorfiets het ons die berge ingery en kilometers langs 'n lieflike meer afgelê. Aan die een kant hang varings weelderig teen die lowergroen berghange af en aan die ander kant lê die meer koel en grys onder die bewolkte hemel.

Ons het by 'n plaat kosmosse omgedraai. Natuurlik eers nadat ons deur Chinese nadergehark is vir 'n foto saam met die Westerlinge.

Terug op die bus het ons die naweek herkou, die lag, die lekker, maar veral die wonder van hierdie paradysagtige mooi wêreld.



Die storie van die 'dissipel' PAULUS

'n Beskonke boemelaar staan een aand in die straat en bedel.

Skielik versky daar 'n netjies geklede man met 'n baard wat hom R100 rand aanbied.

Die boemelaar is skoon oorstelp. "Jinne, m-meneer, maar dis 'n yshlike, ek bedoel yslike k-klomp geld. Ek kan g-g-glad nie onthou wanneer ek l-laas sove … soveel geld vasgehou het nie," sê hy en rol die R100-noot heen en weer tussen sy vingers.

"S-sê my men-eer, a-as ek mag vra: wa-wat is meneer se naam?"

"My naam is Paulus," antwoord die weldoener.

"P-P-Paulus!" roep die boemelaar verbaas uit. "Wee' jy P-Paulus,ek wou jou nog altyd ontmoet het om vir jou te v-vra: Daai Korintiërs – he-he-het hulle toe ooit vir jou terugge-teruggeskryf?"

KALMEER NOU TOG!

'n Pasiënt in 'n rolstoel jaag teen 'n dolle vaart in die hospitaal se gang af net voor hy geopereer moet word.

'n Verpleegster keer hom voor en wil weet wat is fout.

Hy sê: "Ek het gehoor hoe die teatersuster sê moenie bekommerd wees nie. Dis 'n eenvoudige prosedure. Ek is seker jy sal oukei wees."

"Sy wou jou maar net op jou gemak stel," sê die verpleegster. "Waarom het dit jou so ontstel?"

"Omdat sy nie met my gepraat het nie. Sy het met die dokter gepraat!"

STAP SOMMER

Die blondine was baie opgewonde oor 'n nuwe karwasdiens wat in haar omgewing oopgemaak het.

"Dis so lekker naby," sê sy. "Ek kan sommer soontoe stap!"

Liewe Lena

Ek het 'n man wat ek nie kan vertrou nie. Hy verneuk my so baie, ek weet nie eers of die kind wat ek verwag syne is nie.

Kan jy vir ons 'n Liewe Lena uitdink en pos?
Stuur aan pos@onsdorp.com

WESENS UIT DIE RUIMTE

Volgens 'n onlangse opname deur **Reuters News** glo 20% van die wêreld se mense dat daar ruimte-wesens wat net soos ons lyk tussen ons leef.

Indiërs (45%) en Sjinese (42%) is die meeste oortuig dat dit die geval is. In Swede, België en Nederland glo slegs 8% dit is moontlik.

Daar is weinig verskil tussen die hoërinkomste-groep en die middelklas.

Die opname is in 22 lande onder 23000 volwassenes gedoen.

NASKRIF: Geen navorsing is bekend wat aandui hoeveel mense in Suid-Afrika in die tokkelossie glo nie.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Vrugte in jou eetpatroon

Liewe lesers!
En toe? Hoe vorder julle met gesond eet? Het jul dit al reggekry om meer VRUGTE in jul daaglikse eetpatroon te vestig? Mooi! Dan wys ek jul vandag hoe om meer SLAAI-bestanddele by te sit!

CANSA se Tamatie-en-knoffel-blatjang
1,5 kg tamaties, gekap
1 ui, gekap
3 knoffelhuisies, fyn gekap
15 ml vars gemmer, gerasper
10 ml wonderpeper (pimento)
Meng al die bestanddele, behalwe die suiker, saam en prut vir 40 minute met die deksel op. Voeg die suiker by. Roer geleidelik totdat al die suiker opgelos is en bring tot kookpunt. Prut vir 1 uur sonder die deksel tot dik.
Lewer 750 ml.
Gesondheidsvoordele: Tamaties is 'n goeie bron van likopeen wat kanker - veral prostaatkanker - beveg en verminder die risiko vir hartsiektes. Gemmer bevorder die vertering van voedsel, het anti-inflammatoriese eienskappe en voorkom naarheid. Knoffel bevat allium wat kanker beveg en cholesterol verminder.

GEMENGDE SLAAI (Judy Myburgh)
2 gaar aartappels, in blokkies gesny
1 klein komkommer, in blokkies gesny
1 koppie gaar ertjies
1 skyf pynappel, grof gekap
1 piesang, in skywe gesny
knippie rooi peper
1 teelepel sout
half koppie mayonnaise
slaaiblare
half teelepel Aromat
Metode
Meng al die groente en vrugte.
Geur dit met sout, peper en rooipeper.
Klam dit aan met die mayonnaise.
Skep 'n lepelvol in elke slaaiblaar.
Versier met repies rooi tamatie en dien op met nog mayonnaise.

ERTJIESLAAI (Corrie Marais)
1 blik ertjies 250 g gebraaide bacon
2 uie fyn gekap en gebraai 6 gekookte eiers in ringe gesny
1 pak Bacon Kips fyngemaak mayonnaise
Meng alles behalwe die Bacon Kips liggies saam. Meng die B. Kips by net voor opdiening.

SOETSUURSLAAI (Corrie Marais)
1 Blik botterbone 1 Blik pynappelstukke (410g)
50 ml stroop of bruinsuiker 50 ml asyn
25 ml mielieblom aangemaak met bietjie water
Plaas bone en pynappel saam met hulle vloeistof in kastrol. Voeg stroop of bruinsuiker, asyn en mielieblom by. Verhit en verkoel in yskas.

En laaste maar nie die minste nie: My persoonlike gunsteling!
Maak **Een groot geweldige heerlike vars uitpakslaai** met:
Kraakvars blaarslaai, skyfies tamatie of kersietamaties, skyfies rooi, geel en groen soetrissies, skyfies komkommer, skyfies sampioene, geelwortel-repies, wit en rooi uieringe en wissel dit af met skyfies pynappels, appels, mango en kiwi- wat ook al beskikbaar is! Druk vars suurlemoensap uit oor die sampioene en appelringe om te voorkom dat dit verkleur en vir addisionele geur. Voeg hierby 'n paar groen en swart olywe, sprinkel met sonneblom- en sesamsaad, gekapte pietersielie, geskeurde vars basillie blare,en as jy het, ook nog vars tiemie of dille en bedien daarmee saam vars ongegeurde jogurt!

Hemels! Volgende keer: GROENTE!

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom
Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

DU TOIT dries09@gmail.com
Al die Du Toit's is familie. My direkte voorvaders is Francois *1664+1734 Pieter (Pierre)*1697, Andries *1724+1771, Johannes Jacobus *1761, Johannes Jacobus *1791, Andries Stephanus *1829+1880, Izak Petrus *1887+1949, Andries Stephanus *1906, Pieter Andries Hendrik *1933, Andries Stefanus *1956 (dis ek).

HARTSLIEF nicholeens@yahoo.com
Het nie veel inligting nie. Al wat ek weet is dat die familie van Namibië afkomstig is en in Ladysmith KwaZulu-Natal gebly het. Het drie seuns gehad.

JANSEN VAN VUUREN rvanvuren@mweb.co.za
Addisioneel: Jansen van Vuuren Familiebond - http://www.myheritage.com/site-18887961/jansen-van-vuuren-familiebond
Boek oor Jansen van Vuuren familie - http://stores.lulu.com/store.php?fAcctID=4417470

JORDAAN pvkonstruksie@vodamail.co.za
Ek is 'n nooi De Wet getroud met L. C. Jordaan. My ouma aan pa se kant was 'n nooi Smit, my ma was 'n nooi Pretorius, haar ma was 'n nooi Bates.

LE GRANGE lagrangeg@telkomsa.net
My vader is aangeneem deur die Le of La grange in Laingsburg. gebore 15/01/1937. Vermoedelik was sy moeder 'n Swanepoel of Stein. Soek inligting ook oor die tannie Susan en Pietter le Roux vooheen gebly in sasolburg nou in parys, Suid-Afrika.

LUDEK lmullers@lantic.net
Ek is aangeneem in 1964 as Emmerentia Ludick/Ludik?
Aanneemvan Olivier, nou Muller. Sal graag familie of ouers wil opspoor.

MULDER nic.mulder56@gmail.com
Ek probeer my stamboom navors. My Oupa was Frederick Zwerus Mulder (soos ek verstaan van Duitse herkoms?) geb 29.3.1902. Moontlike verbintenis met Frederik Swerus Mulder? Help asb!

MURRAY tmurray@mweb.co.za
Ek sou graag kontak wil maak met nakomelinge van John Murray wat in 1807 uit Skotland in Kaapstad aangekom het om inligting uit te ruil. Die afstammelinge van sy ses seuns John, Robert William, Samuel, Hamilton, Henry Murphy en Hermanus Johannes Murray is oor die hele Suid-Afrika versprei. Ek het heelwat inligting, so laat hoor gerus van julle!

PIENAAR coetserm@hseldo.co.za
Jacques Pinard 1688 in Kaap tot WDJ Pienaar (1922 - 2007) veral Mosselbaai se Pienaars en genl. Dan Pienaar se familie en nasate.

RHEEDER pieterse.joanne3@gmail.com
My Great Grandparents came to South Africa in the 1800's, from Holland. My grandmother was the first teacher to teach in S.A. My dad's name was Joshua Rheeder and my mom Maria, née Smit.

ROUX nicholeens@yahoo.com
My ouma was nooi Roux getroud met Breitenbach. Haar name was Magrietha Louisa Roux gebore 14/2/1898 oorlede 1969. Oupa was Isak Johannes Breitenbach. Ouma se pa se name was Jan Daniel Antonie Roux, getroud met Adriana Salmina de Jager. As iemand meer inligting het help asseblief.

SMIT pvkonstruksie@vodamail.co.za
Ek is op soek na my ouma Smit se voorouers en hoe/hoekom hy na S.A. gekom het. Sy naam was Jacob Smit van Nederland, na S.A. omtrent 1840/50. Het gewoon in Heidelberg, Transvaal en was getroud met Zacharia Maria Marais. Hulle het een kind gehad Abraham * 7.7.1850. Hy was getroud met Margrieta Susanna PRINSLOO * 25.7.1851. Hulle het 8 konders gehad, my ouma was die derde kind nl. Margrieta Susanna * 4.7.1884, getroud met Hendrik Christoffel de Wet, oorlede in 1926 in S.A. Ek sal dit waardeer as iemand my kan help om hierdie deel van my stamboom uit te pluis.

SWANEPOEL jacobus.swanepoel@eskom.co.za
Oupagrootjie was Willem Cornelis Swanepoel. Oupa Mynhardt Adriaan Willem Swanepoel. Boer te Weltevreden, Boons distrik Koster, Transvaal.

VAN DER LINDE ursulahvz@gmail.com
Soek na familie van Fillipus Daniel van der Llinde geb. 7 Jul 1876, getroud met Catharina Petronella Homann. Enige inligting sal baie waardeer word.

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Dankie, wonderlike Kammalanders!

Gerhardus Thompson, Taiwan:

As 'n geswore wetenskapfiksie en fantasie aanhanger het ek vir baie lank boeke in die betrokke genre's in my geliefde Afrikaans gesoek. My soektog tot dusver het maar 'n klein handjie vol boeke opgelewer en navrae het meestal op dowe ore geval, en my soektog na Afrikaanse skrywers en hul boeke op die kuberruimte is ook meestal lank, uitputtend en teleurstellend.

Toe kontak ek vir Hennie by Kammanuus en vra om hulp.
Die eerste dag nadat hy die brief uitgestuur het, maak ek my e-pos oop en daar was voorwaar reaksie op my versoek! My vreugde het geen maat of perke geken nie!

Daar was boeke, daar was mense wat raad gegee het, daar was selfs mense wat nie kon help nie, maar wat net wou laat weet hulle hoop ek kom reg! My volk, my mense… ek was so trots, hulle gee nog om!

Nog reaksies het gevolg en ek wil elkeen van hulle persoonlik, vandag in hierdie skrywe bedank vir hulle bydrae om my boekrak vol te maak met Afrikaanse wetenskapfiksie en fantasie boeke, om terug te kan staan en te sê:

"Ek is voorwaar trots op my mense!" en dit sou nie moontlik gewees het sonder die belangstelling en ondersteuning van die volgende persone nie: **Louis Cottle** (met nie minder as 14 boeke – twee waarvan ek nie bewus was nie), **André van Lizmar** (met 5 boeke), **Danie Goosen** vir raad, **Dalene** van die Vryheidsfront vir aanstuur en navrae aan ondersteuners en soos dit ook maar gaan, ander wat my ook gekontak het, wie se besonderhede ek verlê het (per ongeluk uitgevee).

Daarvoor vra ek verskoning en as julle weet wie julle is, stuur net weer 'n e-pos sodat ek julle ook persoonlik kan kontak.

Weer eens dankie aan Hennie Greeff, Kammanuus en al die Kammalanders wat my gehelp het en gaan help sodat ek my lees (in Afrikaans) kan voortsit in 'n genre waarin ek tuis voel.

Ek bied ook jaarliks in samewerking met die Orania Beweging 'n Afrikaanse wetenskapfiksie en fantasie kortverhaalskryfkompetisie en ook 'n wetenskapfiksie en fantasie kunskompetisie aan.

Belangstellendes kan gerus **www.afrifiksie.com** gaan besoek vir meer inligting.

VELDMAARSKALK MOSES

Jan kom slof slof vanaf die Sondagskool by die huis aan. Jan se Pa vra belangstellend: "Jan kom vertel my wat het julle geleer by die Sondagskool vandag?"
"Pa ons het die storie van veldmaarskalk Moses geleer! Hy was sommer 'n bielie van 'n veldmaarskalk en het nie twak gevat van kabouters nie! Eendag besluit hy dis tyd dat hy en sy *army* Egipte gaan verlaat en hy roep sy manskappe op en hulle begin marsjeer Israel toe.
"Die Farao kom te hore van die triek en roep sy top vegbrigade op en sit hulle agterna! Toe veldmaarskalk Moses by die Rooi See kom, sien hy daar's geen brug om oor te stap nie. Hy klim net daar en dan op sy radio en roep die ingenieurs van die geniekorps in, en twee uur later land daar sommer drie choppers met manne en voor jy kon seg Jack Johnson toe bou hulle 'n brug wat skrik vir niks!
Veldmaarskalk Moses marsjeer oor en hulle slaat tente op aan die oorkant. Dit was 'n lang dag en net toe veldmaarskalk Moses rustig wou raak met 'n glasie koel wyn, toe kom seg die wagte Farao se brigade is in aantog en gaan ook oormarsjeer! Weer klim die veldmaarskalk op sy radio en kom in verbinding met die lugmag en hy seg hulle om die brug te bombardeer. Twee Mirage vegbomwerpers kom uit die wolke en binne minute toe skiet hulle daai brug in duisend stukke en die top vegbrigade van Farao verdink net daar, en toe kon die Israelse *army* en die veldmarskalk rustig die aand verkeer!"

"Jan, is dit wat die Sondagskool juffrou vir julle vertel het?" vra Pa ontsteld.
"Nee Pa, maar as Pa hoor wat sy ons vertel het, dan sou Pa my nooit ooit geglo het nie!"

AGTEROS

As mamma se kop raas

Toe ek daai sleutel draai, is dit asof ek daai tweeslag weer aan die gang skop, maar pleks van olie is hy nou vol rooiwyn en nou raas hy éérs.

Deur Die Eerlike Smous

Soos die meeste getroude mans weet, is die skoner geslag se koppe nie aldag lekker opgeskroef nie.

Ons aanvaar hulle beskik nie altyd oor die vermoë om logies te redeneer nie, en raak soms emosioneel oor enige twak. Daar is selfs 'n boek *Men are from Mars, Women are from Venus* wat veronderstel is om mans te help om vrouens te verstaan. Die probleem is egter dat mans nooit handleidings soos dié gaan lees nie.

'n Man het nie 'n boek nodig om 'n TV in te stel nie, en hy het ook nie 'n boek nodig om vir hom te sê hoekom 'n vrou se kop raas nie. Dit is soos die son en die maan, dit gebeur daagliks en ons aanvaar dit maar so. Soos my storie hieronder:

Nou kyk, my Namakwa-kaktussie is eintlik 'n baie selfstandige vrou. Maar laas Vrydag het sy besluit dit is tyd om daai tweeslag-motor in haar kop aan die gang te sit, en glo my so 'n tweeslag kan raas.

Dit was weer 'n Vrydagmiddag en ons was laat vir 'n smousbraai! Ek was egter net effens laat, want die braai het vieruur begin en ek was eers sesuur genooi. Elk geval, so in die aantrek kry ek nie my sokkie nie en ek maak my eerste fout van die aand. Ek vra vir mamma waar is my sokkie. Ek dink dit was 'n geldige vraag, want sy was immers die persoon wat dit laaste gehad het: Sy het dit gewas, opgehang en van die wasgoeddraad afgehaal.

Maar nee, dis toe nie 'n goeie vraag nie, want ek kry toe so die wit van die oog (dit is soos 'n baie vuil kyk) en 'n sarkastiese antwoord dat sy nie my sokkies dra nie. Nou ek weet sy dra nie my sokkies nie, en dit was nie my vraag nie, ek wou weet of sy weet waar dit is, want sy het dit laaste gehad.

Maar om 'n pakslae te vermy het ek maar stil gebly en self begin soek.

Nou hou mamma nie van laat wees nie. So wat maak sy? Sy gaan sit in die kar en wag met die oondskottel op die skoot en 'n halwe bottel rooiwyn (waaraan sy al van vyfuur af teug) tussen die voete.

Intussen skrop ek in die huis rond op soek na my sokkie se maat. Dit was nie lank nie, toe is mamma terug in die huis en wil weet hoekom ek so draal.

Ek verduidelik dat ek nie my sokkie kry nie, en ek maak toe my tweede fout en sê dit is omdat die huis so deurmekaar is.

O, jinne, was dit nie 'n fout nie! Daai Kaktussie begin toe sulke dorings uitslaan, en dorings laat haar harder praat. Sy blameer toe die deurmekaarspul op my varksug-tigheid en dat dit eintlik my skuld is dat die huis so lyk.

Net daar maak ek my derde fout en wys vir haar alles wat rondlê, en dui ook aan op die feit dit is háár plakkies in die hoek, dit is háár glas op die koffietafel, dit is háár bord op die kombuistoonbank, dit is háár trui op die sitkamerbank, dit is háár skoolsak in die gang.

Toe besef ek nou is ek in die moeilikheid, want ek was reg. Jy ken daai gevoel, jy dink jy het gewen want jy het haar verkeerd bewys, maar eintlik het jy so pas jouself bygekom.

Ek kry toe weer daai stywe lip en besluit bogger die sokkie en trek 'n paar plakkies aan.

Nou op pad in die kar kan ek sien Kaktussie wil baklei, maar sy weet net nie hoe om te begin nie. Sy moet mos nou die storie so draai dat dit my skuld is. Vra toe of ek dink sy is 'n skoonmaker? Ek weet toe wat ek ook al sê, gaan ver-keerd wees en ek sê toe maar net ek is lief vir haar en dat ek wil nie baklei nie.

Maar praat wil sy praat, hulle gaan mos so deur die trappe van vergelyking daai tyd. Die gunsteling een is ek is nie jou ma nie, daarna, ek is nie jou bediende nie, en dan ten laaste sê hulle jy moet van nou af jou eie wasgoed was.

Maar ek was rustig het nie teë gepraat nie, want haar kombuis vloermoer was nog vars in my gedagtes.

□ □ □ □

Maar so aangekom by die smous is daar niks fout nie, die glimlag word weer opgesit en mamma en pappa is lief vir mekaar.

In die kombuis vertel sy egter vir die vrouens hoe deur die blare ek is, en in die kroeg vertel ek vir die manne hoe in die sop ek is.

Die aand was egter 'n sukses, die tweeslag-enjin se olie het opgeraak en die koppie het opgehou raas en mamma was weer normaal.

Ook net totdat ons by die huis kom en ek daai voordeur oopsluit. Toe ek daai sleutel draai, is dit asof ek daai tweeslag weer aan die gang skop, maar pleks olie is hy nou vol rooiwyn en nou raas hy éérs.

Ek dog ek klim nog so in die kooi en lê my kop neer vir 'n goeie nag rus toe hoor ek iemand breek die skottelgoed. Ek skrik so groot ek draai om om haar wakker te maak en sê iemand breek haar borde, maar sy is nie daar nie.

Ek gaan stel ondersoek in en daar staan my Kaktussie, twee-uur in die oggend besig met die skottelgoed. Sy was dit nie normaalweg nie, sy was dit met klinkkende simbale, aspris so hard dat ek nie kan mis dat sy skottelgoed was nie. Ek het nog probeer mooipraat en soebat dat sy moet kom lê, want pappa is mos nou nog so effe lus ook ná 'n braai, maar nee, mamma is op 'n missie.

Man, ek het net ingesluimer toe sit sy daai Elektrolux aan. Ek kry so 'n koue rilling toe ek wakker skrik. Weet jy hoe klink 'n stofsuier drie-uur die oggend as jy winddronk is? Nou word daar gesuig, ek word mos nou gestraf.

Gelukkig het ek later my bewussyn verloor en kon ek verder slaap. Ek weet nie wanneer daai koppie ophou raas het nie, maar toe ek die volgende oggend wakker word lê mamma langs my, nog ewe met haar geel rubberhandskoene aan.

Ek staan toe later saggies op om met 'n bruinbeer te gaan worstel wat in my maag grom. Ek loop soos 'n trapsuutjies na die badkamer en laat sak die sitplek stadig, maar toe daai eerste plonsgeluid die water tref, staan mamma langs my!

Nou moet jy weet dit kan nie 'n mooi gesiggie wees nie, die hare staan soos 'n bosheks, die gesiggie is vol plooie gelê met die oë so effe rooi soos gisteraand se wyn. Dan staan daai vuisies nog so gebal met die geel rubber handskoene ook.

"Wat maak jy?" vra sy?

Nou weet ek nie mooi wat om te antwoord nie, sy lyk asof sy kan moor.

"Ek bollie", antwoord ek haar toe maar eerlik.

Sy het toe eintlik net vir my kom sê dat ek nie teen die rand moet bollie nie want sy het skoongemaak, en toe gaan slaap sy weer.

Ek moet bieg die huis was silwerskoon, maar my blerrie sokkie is nog steeds weg.

Ek dink ek het dit by die gimnasium verloor, maar dit is tussen ons en my vrou hoef dit nie te weet nie.

VOLGENDE UITGAWE: 3 MEI 2010